




# Die Maand Wat Was

## Maandelikse Sakegesprek Beleggings Nuusbrieff


Primêre uitsending: Sondag 19h30 met herhalings op Maandag 14h00, Dinsdag 10h30 en Woensdag 14h30

### Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Julie 2012

#### Langtermyn pj van 1900 tot einde 2011





Bron: Credit Suisse



Bron: ABSA Beleggings

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

### Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uit presteer.

## Die Maand van Julie Wat Was

Teen die agtergrond van negatiewe ekonomiese nuus, veral uit Europa, het die JSE die maand op 'n nuwe hoogtepunt afgesluit. Hierdie sterk prestasie in aandele en in effekte het daartoe bygedra dat beleggers 'n baie goeie drie maande beleef het. Dit bevestig die punt dat wanneer dit kom by langtermyn beleggings en die bou van 'n portefeulje, daar 'n duidelike verskil is tussen wat in die media gerapporteer word en wat in finansiële markte plaasvind.

As ons kyk na die langer periodes (12 maande, 5 jaar en 10 jaar) het beleggings portefeuljes inflasie in alle gevalle uitpresteer (vgl grafieke). Die doel van hierdie illustrasie is om te wys dat konserwatiewe, gebalanseerde en groeiportefeuljes kapitaal beskerm het (teen inflasie) en reële groei (bo inflasie) gewys het.

Dit bring my by 'n baie tragiese beleggingsverhaal wat die afgelope paar weke ontrafel het – die storie van Herman Pretorius en die Relative Value Arbitrage Fund (RVAF). Berigte het dit dat hier tot R1,8 miljard van 3,000 beleggers betrokke kan wees. Behalwe dat hierdie verhaal baie tragies vir Herman en sy eertydse vennoot, Julian Williams, geëindig het (beide is dood in 'n geskietery), blyk dit nou dat daar nie genoeg bates is om die beleggers terug te betaal nie. Die vraag hier is of mens enigsins verbaas moet wees?

Die beginsel wat duidelik uit hierdie tragedie kom is die teenstrydigheid van markwisselvalligheid teenoor permanente verlies van kapitaal – en dat beleggers nie hierdie verskil in ag neem wanneer dit by langtermyn beleggingsbesluite kom nie. In die geval van Herman Pretorius en die RVAF het beleggers die risiko van verlies aan permanente kapitaal geneem om 'n (rooilig!) hoër as markopbrengs te verdien. Die huidige risikovrye opbrengs is rondom 6%, wat beteken dat 'n flambojante beloofde opbrengs van meer as 15% basies onrealisties was en dat hier altyd 'n beduidende risiko was. Die tweede rooilig was dat die opbrengs eenvoudig te reëlmatig was. 'n Mensel van (blinde) gulsigheid en (moedswillige) onkunde maak dat mense irrasionele en dom besluite neem. Soos een van ons toekomstige gaste (Braam van Huyssteen, stigter en uitvoerende hoof van Tekkie Town) dit stel – “pasop, stadige perde en vinnige meisies kan jou baie geld kos” - dieselfde is waar van onrealistiese en irrasionele prestasie beloftes!

Dit is tog jammer dat, selfs waar al die tekens duidelik sigbaar was, hierdie “te goed om waar te wees” beloftes steeds mense irrasioneel laat optree het – blindelings gedryf deur gulsigheid?

Dan het die Reserwe Bank ook besluit om rentekoerse, teen verwagtinge in, te verlaag. Die implikasie vir beide beleggers (wat rente verdien) en leners (wat rente betaal) moet deeglik en rasoneel beoordeel word. Vir leners is dit belangrik om hierdie besparing aan rente te gebruik om skuld vinniger te delg en persone wat rente verdien, moet met groot oordeel na hul posisie kyk en nie val vir flambojante beloftes – wat uiteindelik tot die permanente verlies van kapitaal kan lei – nie.

Met die JSE op algehele hoogtepunte, vrot nuus uit Europa, rentekoerse wat laer neig, bevestig dit die uitgangspunt dat vooruitskattings en onrealistiese beloftes gevare vir welvaartbeplanning en beleggingsbestuur inhou.

Die Sakegesprek kompetisie (besonderhede op die Sakegesprek webbladsy onder die kompetisie skakel) met die Absa prysgeld van R25 000 loop nou lekker. Deelnemers moet probeer voorspel wat die getal (tussen 0 en 100 is) wat ander mense gaan inskryf gaan wees, en die persoon wat naaste aan helfte van al die ander inskrywings reg voorspel – wen die Absa beleggingsprys. Wanneer dit kom by beleggings, bly die beginsels dieselfde. Fokus op wat ons weet en nie op ons vermoë om te voorspel wat mense (markte?) in

die toekoms gaan doen nie – net soos dit onmoontlik is om akkuraat te bepaal wat ander mense se inskrywings gaan wees, net so is dit onmoonlik om markte se gedrag vooruit te probeer voorspel.

Daar is selfs 'n statistiek departement wat probeer moduleer wat die regte antwoord gaan wees – sterkte!

Een van die goue reëls vir suksesvolle beleggings en welvaartsbestuur is die element van beplanning en daarmee saam die uitvoering van daardie plan. 'n Belegger wat rasioneel en oordeelkundig beplan, gaan nie in die gat van flambojante beloftes tesame met gulsige en emosionele besluite vasval nie!

Dink net hoe moeilik dit is om maalvleis op 'n rooster te braai as jy wors in 'n pan kan braai? - die verskil hier is bloot beplanning!

*Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrieff aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrieff databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrieff skakel of stuur 'n e-pos aan: [nuusbrieff@sakegesprek.co.za](mailto:nuusbrieff@sakegesprek.co.za).*

Mooi loop

Theo Vorster

[Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za)

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid Afrikaanse sake program saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie sukses verhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die eerste twee reekse is daar met sowat 25 sakeleiers gesels. In die huidige reeks gaan daar met 'n verdere 13 sakeleiers onderhoude gevoer word. Die ondersteuning van Absa maak dit moontlik om die program saam te stel en elke week uit te saai.

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur ([www.galileocapital.co.za](http://www.galileocapital.co.za)). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: [Theo@galileocapital.co.za](mailto:Theo@galileocapital.co.za).